









Verbind die woord met

- die korrekte diere groep;
- en die korrekte beginpunt van die siklus.

beginpunt	woord	diere groep
 <p>eier</p>	soogdier	
 <p>eier</p>	voël	
 <p>baba</p>	insek	
 <p>eier</p>	amfibie	


LIGGAAMSOPVOEDING: Lokomotories, ruimtelike oriëntasie Hierdie is oefeninge wat jou liggaam bewus maak van beweging en die omgewing waarin jy beweeg.

Opwarming: Gallop soos 'n perd, vlieg soos 'n skoelapper, hardloop soos 'n hond, spring soos 'n padda.

Aktiwiteit: hindernisbaan bv.

1. Klim onderdeur iets bv. 'n tafel / stoel.
2. Klim bo-op iets bv. 'n motorband of 'n stoel.
3. Loop op iets reguit bv. 'n springtou of selfs die teëls in die huis vir balans.
4. Spring oor voorwerpe of op iets bv. die teëlblokke in jou huis. As jy 'n springtou het, mag jy lekker touspring. As jy bordkryt het, teken vir jouself 'n 'hopscotch' baan.
5. Kry enige voorwerp waarmee jy gooi en vang kan oefen.

Afkoeling: Strek en laat jou liggaam afkoel.



SKEPPENDE KUNSTE:
Beeldende Kunste: Moedersdag!!!

Jy kan iets oulik maak vir mamma of ouma vir Moedersdag (10 Mei). Gebruik jou eie idees. Hier is 'n paar idees om jou kreatiwiteit te prikkel.

